

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 28 Februarie 2021**

1. VOTUM

³Van waar die son opkom
tot waar dit ondergaan,
moet die Naam van die Here geprys word!
⁴Hoog bo al die nasies heers die Here,
sy mag strek selfs oor die hemele.
⁵⁻⁶Wie in die hemel of op die aarde
is soos die Here ons God,
wat hoog woon en hier onder alles sien?

2. SEËNGROET

³Genade en vrede vir julle van God
ons Vader en die Here Jesus Christus,
⁴wat Homself vir ons sondes gegee het
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en
so die wil van God ons Vader te volbring.
⁵Aan God kom die heerlikheid toe
tot in alle ewigheid! Amen.

3. SKRIFLESING EN GEBED

Teks: PSALM 115.

Tema: WAAR IS HULLE GOD NOU?

- **Suksesverhaal:**

Psalm 115 gaan oor die terugkeer van die Jode na die ballingskap en die suksesvolle opbou van die tempel en Jerusalem.



- **Eer:**
Die feesgangers sing dat die eer van die suksesverhaal hulle nie toekom nie, maar die Here.
- **Geloofsverklaring:**
Psalm 115 is ook 'n geloofsverklaring van die Jode teenoor die gode van Babilonië, waar die Jode meermale moes hoor, "Kyk hoe groot lyk ons god" maar "Waar is julle God nou?" terwyl julle hier in ballingskap sit.

1. AFGODE HET GEEN GEESTELIKE REALITEIT NIE. (PSALM 115:4-8)

²Waarom sou die heidene kan sê:

"Waar is hulle God nou?"

³En dit terwyl ons God in die hemel is!

Alles wat Hy wil, doen Hy.

⁴Wat hulle het, is afgode,

Die feesgangers sing dat die gode van die heidene magteloos is en dat hulle tot niks instaat is nie:

Mond - Afgode het 'n mond, maar hulle kan die wil van God aan hulle volgelinge nie bekend maak nie.

Oë - Afgode het oë, maar hulle kan die nood van hulle volgelinge nie raak sien nie.

Ore - Afgode het ore, maar hulle kan die noodkreet van hulle volgelinge nie hoor nie.

Neus - Afgode het 'n neus, maar hulle kan die offergawes van hulle volgelinge nie ruik om versoening te bewerkstellig nie.

Hande - Afgode het hande, maar hulle kan geen ondersteuning verleen nie.

Voete - Afgode het voete, maar hulle kan die lewenspad saam met hulle volgelinge nie wandel nie.

Geluid - Daar kom geen geluid uit hulle keel waarmee hulle emosies of simpatie kan betoon nie.

Afgode vernietig hulle volgelinge - Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word. Hulle leef in konstante vrees en skuldgevoelens en word in die proses vernietig.



2. "WAAR IS JULLE GOD?" HY IS IN DIE HEMEL.

Waarom sou die heidene kan sê:
"Waar is hulle God nou?"
En dit terwyl ons God in die hemel is!
Alles wat Hy wil, doen Hy.

Nadat die feesgangers die nutteloosheid van die gode van heidene besing het, kom hulle met 'n eie geloofsbelydenis oor dié God wat hulle aanbid. Psalm 115 is die geloofsverklaring van die Jode nadat hulle uit Babiloniese ballingskap teruggekeer het en die tempel en Jerusalem suksesvol heropgebou is. Hierdie belydenis het hulle by elke groot Joodse feesgeleentheid gesing.

a) God is in die hemel: Hy deel Sy eer met niemand.

"Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,
maar aan u Naam kom die eer toe:
want dit is U wat liefde en trou bewys." (Psalm 115:1)

Agtergrond. Die Jode keer terug uit ballingskap en jare later voltooi hulle die heropbou van die tempel en Jerusalem. Vir die suksesvolle afhandeling van die projek besef hulle dat die eer hulle nie toekom nie, maar aan die Here. Die eer kom God toe, want dit is Hy en niemand anders wat Sy trou en liefde aan hulle in 'n traumatiese periode van hulle geskiedenis bewys het.

Jes. 42:8. "Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie.

Jes. 48:11. Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit, Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die eer wat My toekom, aan niemand anders nie.

b) God is in die hemel: Hy maak soos Hy wil.

"Waarom sou die heidene kan sê:
"Waar is hulle God nou?"
En dit terwyl ons God in die hemel is!
Alles wat Hy wil, doen Hy." (Psalm 115:2,3)



Agtergrond. Tydens die ballingskap het God vir Kores van Persië sy gesalfde gemaak om die Babiloniese Ryk te vernietig en aan te kondig dat die Jode weer kan terugkeer na Jerusalem. Kores het opdrag gegee dat Jerusalem en die tempel weer opgebou moes word. Onder die motivering van Haggai en Sagaria het Serubbabel en die bouers die projek suksesvol voltooi. (Esra 5:13-18)

Jes. 42:8,9 Wat Ek vroeër aangekondig het, het plaasgevind. Ek kondig nuwe dinge aan. Voor dit begin gebeur, laat Ek julle al daarvan hoor.

Jes. 44:6. So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie.

Jes. 45:5,6. Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie. Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie. ⁶Ek doen dit sodat elkeen van die ooste af tot in die weste kan weet dat daar buiten My geen God is nie; Ek is die Here, daar is geen ander nie.

Jes. 46:11. Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n ver land roep ek 'n man wat my besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen.

c) **God is in die hemel. Plaas jou hoop en vertrou op Hom: Hy is ons ondersteuning en beskerming.**

Israel, vertrou op die Here!

Hy help en beskerm jou.

Huis van Aäron, vertrou op die Here!

Hy help en beskerm jou.

Julle wat die Here dien, vertrou op die Here!

Hy help en beskerm julle. (Psalm 115:9-11)

Agtergrond. Serubbabel en die bouers het onder uiters moeilike omstandighede gewerk. Daar was ander volke en leiers wat die proses gesaboteur het. Nadat daar briewe aan koning Darius geskryf is, is die projek tydelik gestaak. Uiteindelik is met die projek voortgegaan. Die bouers het met die troffel in die een hand en met hulle swaarde in die ander hand gewerk. Jare later het hulle die mure en die tempel



suksesvol voltooi. Hierdie verhale word in Esra en Nehemia beskryf. In dié tydperk het die Jode geweet dat God hulle helper en beskermer is.

d) God is in die hemel. Hy onthou sy kinders en dink aan hulle: Hy seën hulle.

¹²Die Here dink aan ons. Hy seën:

Hy seën die *huis van Israel*,

Hy seën die *huis van Aäron*,

¹³Hy seën dié *wat Hom dien*,

klein en groot. (Psalm 115:12,13)

Agtergrond. Die Jode het meermale gekla dat die Here van hulle vergeet het en hulle nie meer onthou het terwyl hulle in ballingskap was. In hierdie verse sing en bely die feesgangers dat Here hulle nie vergeet het nie, maar dat Hy in 'n baie moeilike tydperk van trauma en hartseer wel aan hulle gedink en hulle onthou het. Hy het hulle nie net onthou nie, maar ook geseën.

e) God is in die hemel. Hy stort 'n oorvloed van genade en seëninge op ons uit.

“Mag die Here julle talryk maak,

julle én julle kinders.

Mag die Here julle seën,

Hy wat hemel en aarde gemaak het.” (Psalm 115:14,15)

Agtergrond. Na sewentig jaar in ballingskap het 'n handjie vol teruggekeer. Hulle het as die “remnants” bekend gestaan. 'n Nuwe geslag moes opgebou word en nou seën die Here hulle met 'n talryke nageslag. God wat die hemel en die aarde geskep het, stort ook nou die rykdom van Sy genade en seën op hulle uit.

Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.

27Ek sê vir die diep waters van Babel: Droog op! Ek sal jou riviere laat opdroog.

28Ek sê vir Kores: Ek het jou as herder aangestel, jy moet my wil uitvoer, jy moet van Jerusalem sê: “Hy moet weer opgebou word en die tempel moet herstel word.” (Jesaja 44:26-28)



Samevattend. God wat in die hemel woon moet geprys word, nou en vir altyd!

¹⁶Die hemel is net vir die Here,
maar die aarde het Hy aan die mense gegee.

¹⁷Nie die dooies prys die Here nie,
nie dié wat die graf in is nie,

¹⁸maar óns, ons prys die Here,
nou en vir altyd! **Prys die Here!**

AMEN!

4. SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra.

5. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

